



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 26 APRIL 2023 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy  
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Zyl, M (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadslede, amptenare, die tolk en lede van die publiek.

Rdl G Vermeulen open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh B J Stanley.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

**3.1 OORHANDIGING VAN TOEKENNINGS**

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Munisipaliteit verskeie toekennings vanaf die Nasionale Departement van Water en Sanitasie ontvang het as erkenning van die implementering en effektiewe bestuur van die Rioolsuiweringswerke (WWTW).

Die Munisipale Bestuurder bevestig die belangrikheid om in grootmaat infrastruktuur te belê ten einde groei en voortuigang in die Swartland munisipale gebied te bevorder.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Raad van die geleentheid gebruik wil maak om die betrokkenes, ingesluit die voormalige kollegas, nl. die Direkteur: Siviele Ingenieurs-

3.1/...

dienste, mnr At Botha, die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr Kenny Cooper en die voormalige Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, te vereer vir die uitstekende prestasie en harde werk om hierdie toekennings moontlik te maak.

Die volgende toekennings word oorhandig deur onderskeidelik die Uitvoerende Burgemeester, die Speaker en rdh T van Essen aan –

- (1) Mnr Hendrik Strydom van Malmesbury WWTW – toekenning as beste proseskontroleerder;
- (2) Mnr Willie Maarman van Riebeeek Vallei WWTW – toekenning as beste WWTW met 'n kapasiteit van minder as 5 megaliter/dag;
- (3) Mnre Franscois Malan, Hendrik Strydom, Wilfred Barendse, Randall Jenneke en me Clerise Fortuin van Malmesbury WWTW – toekenning as beste WWTW met 'n kapasiteit van tussen 5 tot 10 megaliter/dag.

#### **VIR KENNISNAME**

### **4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

#### **4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 MAART 2023**

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Maart 2023 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

### **5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

##### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

#### **5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 23 MAART 2023**

saamgelees met

#### **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJESKOMITEES GEHOU OP 8 MAART 2023**

### **6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

##### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

#### **6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2023**

### **7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

### **8. SAKE VIR BESPREKING**

#### **8.1 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE ELEKTRISITEITS-VOORSIENING (1/1, 1/1/3/16)**

Die wysigings aan die Elektrisiteitsverordening handel hoofsaaklik met die regulering van geïntegreerde opwekking, tolkragverspreiding (wheeling) en die herverkoop van elektrisiteit.

8.1/...

Verder is daar geringe wysigings aangebly ten einde die verordening in lyn te bring met die beginsels van die Electricity Regulation Act (Act 4 of 2006 – slegs uitgegee in Engels).

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming (in die afwesigheid van een raadslid) en word –

### **EENPARIG BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Raad die volgende konsep verordening in beginsel goedkeur:
  - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening
- (b) Dat die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

### **8.2 ONREËLMATIGE UITGAWE SOOS GERAPPORTEER DEUR OUDITEUR-GENERAAL (AGSA) IN DIE VERSLAG VAN 2021/2022 FINANSIËLE JAAR (5/15/1/5)**

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die verslag van die Ouditeur-Generaal waarin die inligting voorkom, reeds as deel van die 2021/2022 Jaarverslag aan raadslede voorsien is. Verder het die Ouditeur-Generaal 'n voorlegging aan die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) gedoen op 9 Maart 2023 insake die uitslag van die eksterne audit.

Die rapportering van die onreëlmatige uitgawe is ingevolge die Raad se beleid na die Dissiplinêre Raad verwys vir ondersoek ten einde die afskrywing van die onreëlmatige uitgawe te bevestig.

Die ondersoek van die Dissiplinêre Raad soos aangeheg tot die verslag bevat volledige inligting aangaande die onreëlmatige uitgawe, sowel as aanbevelings om soortgelyke nie-nakoming van Regulasies te voorkom.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag van die Dissiplinêre Raad insake die onreëlmatige uitgawe soos gerapporteer deur die Ouditeur-Generaal;
- (b) Dat die gevolgtrekking en aanbeveling deur die Dissiplinêre Raad as volg bevestig word:
  - (i) Dat die onreëlmatige uitgawe van R435 563,00 as oninvorderbaar bevestig word en afgeskryf word, aangesien die Munisipaliteit waarde vir geld gekry het en daar geen verliese gely is nie;
  - (ii) Dat die amptenare betrokke by die tenderproses in goeder trou opgetree het en die nie-nakoming van die Regulasies nie toegeskryf kan word aan opsetlike of growwe nalatigheid, bedrog of om opsetlik oneerlik te wees nie;
  - (iii) Dat die aanbeveling deur die Kantoor van die Ouditeur-Generaal om alle amptenare in te lig aangaande die minimum vereistes insake *local content* reeds aangespreek is deur werkwinkels met kontrakeienaars en -bestuurders;
  - (iv) Dat die minimum vereistes insake *local content* met ingang van 16 Januarie 2023 uit die Voorkeurverkrygingsregulasies verwyder is en daarom sal daar geen verdere regstellende aksies nodig wees nie;
- (c) Dat die bevinding van die Dissiplinêre Raad aan die LUR vir Plaaslike Regering en die Ouditeur-Generaal voorsien word.

### **8.3 KWARTAALVERSLAG (ART 52 VAN MFMA): JANUARIE TOT MAART 2023 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die MFMA.

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag is bespreek tydens 'n vergadering van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee gehou op 25 April 2023 ten einde dié komitee se oorsigrol te vervul.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Januarie 2023 tot 31 Maart 2023.

**GETEKEN:  
SPEAKER**